



Conquesta 2019

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
 Koerier: Krantzviewweg 105, Kloof 3610 / Pos: Posbus 99, Kloof 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-Pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Geskiedenis (Sosiale Wetenskappe) – Graad 9

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	--------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	--------------	--------------	---

1. Wanneer het die Eerste Wêreldoorlog amptelik tot 'n einde gekom?

- (a) 9 November 1918. (b) 11 November 1918.
- (c) 11 November 1919. (d) 12 November 1919.



2. Watter van die volgende was nie 'n bepaling van die Verdrag van Versailles nie?

- (a) Duitsland is nie toegelaat om 'n lugmag te hê nie.
- (b) Duitsland moes die Oorlogskuld-klausule onderteken.
- (c) Duitsland moes reparasie betaal vir oorlogskade.
- (d) Duitsland is slegs ses duikbote in sy vloot toegelaat.

3. Toe Hitler in sy tienerjare was, wat het hy gedroom om te wees as volwassene?

- (a) 'n Kunstenaar. (b) 'n Bouer.
- (c) 'n Soldaat. (d) 'n Politikus.

4. By watter politieke party het Hitler in September 1919 aangesluit?

- (a) Die Duitse Werkersparty.
- (b) Die Sosiaal-Demokratiese Party.
- (c) Die Kommunisteparty.
- (d) Die Nasionaal-Sosialistiese Duitse Werkersparty.



5. Watter van Hitler se beloftes sou by die meerderheid van die Duitsers byval gevind het?

- (a) Hef die Verdrag van Versailles op. (b) Lebensraum (lewensruimte).
- (c) Bring die Weimarregering tot 'n val. (d) Vernietig kommunisme.

6. Hoekom is die Weimarregering die skuld gegee vir die hiperinflasie van 1923?

- (a) Hulle het niks aan die Ruhr-inval deur die Franse gedoen nie.
- (b) Hulle het 'n Oorlogskuld-klausule onderteken.
- (c) Hulle het meer papiergeld gedruk, wat geen goudreserwe gehad het om dit te rugsteun nie.
- (d) Hulle het al Duitsland se geld aan reparasies bestee.

7. Hoekom het die 1923 München Putsch gefaal?

- (a) Hitler was nie genoegsaam voorbereid nie.
- (b) Die politici het hom nie ondersteun soos hy verwag het nie.
- (c) Die regeringsamptenare wat hy in die Reichstag vasgekeer het, het daarin geslaag om te ontsnap.
- (d) Die Nazis se ammunisie het opgebraak.



8. Hoekom het die Groot Depressie daartoe gelei dat meer mense vir Hitler ondersteun het?

- (a) Hy was die enigste alternatief tot die Weimarregering.
- (b) Die Nazis het mense geïntimideer om vir hom te stem.
- (c) Hy het belowe om al hul probleme op te los en hulle uit 'n haglike situasie te red.
- (d) Hy het saam met die regering gewerk om maniere te vind om die mense te help.

9. Watter gebeurtenis het Hitler in staat gestel om die Kommuniste, sy hoofopponente, te diskrediteer voor die 1933-verkieping?

- (a) Die Reichstag-brand. (b) Die dood van Hindenburg. (c) Kristallnacht. (d) Die Nag van die Lang Messe.

10. Watter wet het Hitler diktatoriale magte in Duitsland gegee?

- (a) Die Nurembergwette. (b) Die Magtigingswet.
- (c) Die Dawesplan. (d) Die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme.

